# PREEK OPSOMMING: PREEKREEKS: HOE LYK GOD?

# TEMA 4: GOD SE VADERHART

# SKRIFLESING: HAND. 2: 21 & 22 & PSALM 51: 8 – 12

1. **GOD SE HART – PS. 51:8 -12**
   **HOE LYK DIT? HAND. 2: 21 & 22**
   - Dit het hande om ander te help
   - Voete om vinnig na ander te beweeg
   - Oë om seer te sien
   - Ore om mense se sugte te hoor

   DIT IS HOE LIEFDE LYK! AUGUSTINUS

2. **Hart is sentrum van ons:**
   - Wil
   - Begeertes

   Paulus sê in Rom. 10:10
   Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek, en met die mond bely ons, en ons word gered.

   Matt. 12:34 Waar die hart van vol is loop die mond van oor.

   Psalm 19:15 Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor U aangesig O Here my Rots en my Verlosser.

3. **God is Gees**
   Maar Hy praat met ons in maniere wat ons kan verstaan. Daarom as Hy Sy hart vir ons wys doen Hy dit in terme van menslike emosies.

4. In Handelinge 13:22 sê God Dawid is 'n man na Sy hart. Van Hom het God gesê: Ek het in Dawid Seun van Isai 'n man na my hart gevind.

5. Die gedeelte wil nie iets sê oor Dawid soseer nie maar oor God se hart.

6. In Genesis 6:5 & 6 sien God die Skepping is verlore. Hy gaan dit verwoes.
   God sien die:
   - Groot verlorenheid van die mens
   - slegte dinge bedink

   Dit het Hom diep gegrief
   Sy hart was vol smart
   Ek sal die mens wegvee

7. Psalm 51:5 sê Dawid het sy sonde besef en berou gehad.

Psalm 51:12 Skep vir my 'n rein hart. Vernuwe my Gees.

Gee vir my 'n rein hart soos U sin.

8. Is ons minder sondeloos as Dawid

9. **Hoe lyk God se hart**
   Soos Sy oë wat jou raaksien al loop die wêreld verby jou

   Soos Sy ore wat hoor as jy uitroep Vader

   Soos Sy hande wat jou vorm met liefde

   Die hart van God is God

10. **God se hart wys na God se karakter wat:**
    1. Liefdevol
    2. Vergewend

    wat Hy wys deur Sy verlossing deur Jesus Christus se Kruis.

11. Matt. 11:28 want Ek is sagmoedig en nederig van hart.